STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

15 APRIL 2018

GEMEENTEBULLETIN

OGGENDDIENSTE

Die einde is 'n nuwe begin.

Johannes 21

JEUGDIENS

Definieer

DEUROFFER

Sendingonder-steuning. Finansiële ondersteuning aan sendingwerk in verskeie dele van die land en wêreld.

EREDIENSTE

			15 April		22 April	
09:00	Kerk	Oggenddiens	Ds. Visagie	1	Ds. Breytenbach	3
09:00	Kleinsaal	Gesinsdiens	Ds. Breytenbach	9	Ds. Kotze	6
09:00	Kapel	Meditatief	Philipp Dietmann	-	Philipp Dietmann	-
18:00	Kerk	Jeugdiens	Theo van Zyl	-	Ds. Kotze	-
19:00	Kapel	Kruisdiens	Ds. Visagie	12	Ds. Breytenbach	13

HARTLIK WELKOM

Ons verwelkom Fritz Brand as die nuwe Bestuurder Administrasie van die gemeente. Fritz en sy gesin woon in Loevenstein. Hy was voorheen by die *Centre for Conflict Resolution* werksaam. Sy kontakbesonderhede is 021 976 4519 / fritz@stellenberg.co.za

BADKAMERS BY DIE GROOT EN KLEINSAAL

Die badkamers langs die grootsaal (in die deurloop) word opgegradeer en is tans nie geskik vir gebruik nie. Gebruik asb. die badkamers oorkant die kleinsaal. Ons maak staat op julle begrip en geduld met die bouproses.

BOKKEVELD KONTREIMARK

Vrydag 20 April 14:00

Bring familie en vriende (oud en jonk) saam na die heerlike kuier saam met die boeregemeenskap van die Koue Bokkeveld. Sien volledige inligting op bladsy 3.

[ONS GLO . . .]

JEUGDAGBOEK

- JEUGDIENS begin 18:00 met kleingroepe wat daaruit vloei.
- SENIOR KLEINGROEPLEIERS ontmoet om 17:30 in groepe. Daar is volgende Sondag opleiding vir kleingroepleiers.
- ANNIBRAND KLEINGROEPE vir jong volwassenes kom op Woensdae 18:30 bymekaar, kontak jeugkantoor vir meer info.
- BLISS groep vir jong volwassenes kom Sondae 16:45 bymekaar, met selgroepe Woensdae aande 18:30, kontak jeugkantoor vir meer info.
- DELFT-uitreik: Elke Donderdag direk na skool om 14:30.
- JEUG APP gaan na *Google Play* of *Apple Store*, soek "Stellenberg" en laai af.

KLOUTERKERK

Die volgende klouterkerk byeenkoms is op Sondag 6 Mei om 09:00 in die grootsaal. Ds. Marius Breytenbach sal die diens lei. Ouers met babas en kleuters is baie welkom by die lekker informele erediens. Die erediens word informeel ingerig om kinders te akkomodeer.

KOSPROJEK INSAMELING

Insameling op 24 April. Gee asb. bydraes vir die kosprojek voor 24 April by die kerkkantoor af, of plaas op die witkas onder die trap in die voorportaal van die kerk.

BORG-'N-BERSIE-PROJEK

Ons wil baie graag 300 kombersies vir die jeuguitreike tydens die Julie skoolvakansie insamel. Help ons asseblief om dié droom te verwesenlik deur 'n boekmerk ter waarde van R20 / R50 / R100 te koop. Jy kan die boekmerke deur die week by die jeugkantoor aankoop of gebruik die SnapScan kode op die Borg-'n-Bersie plakkate om jou bydrae te maak.

JEUGKLEINGROEPE LOKALE

Graad 1: Kleinsaal
Graad 2 & 3: Grootsaal
Graad 4: Bo-vertrek
Graad 5 - 6: Kerk
Graad 7: Jeuglokaal
Graad 8: Kerk
Graad 9: Grootsaal
Graad 10: Jeuglokaal
Graad 11: Kleinsaal

STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

Die sentrum bied terapeutiese dienste. Kontak hulle gerus om 'n afspraak by enige van die volgende professionele persone te maak:

- Kliniese Sielkundige
- Lewensafrigter
- Mediator

021 976 8029
sos@stellenberg.co.za

NOMINASIES VIR NUWE LERAAR

Die kerkraad is besig om die vakante pos te vul. Die pre-advies kommissie bestuur die proses en beoog om op die kerk-raadsvergadering van 23 Mei 2018 'n beroep uit te bring. Lidmate het tot Maandag 23 April geleentheid om kandidate te nomineer. Stuur nominasies met die besonderhede van die predikant (dit moet 'n gelegitimeerde predikant van die NGK of VGK wees) aan die Voorsitter pre-advies by stellenberg@stellenberg.co.za

Navrae kan ook aan bogenoemde adres of enige gemeenteleraar gerig word.

BOKKEVELD KONTREIMARK

Die Bokkevelders besoek ons weer vanjaar. Kom ondersteun asb. die gemeenskap van Op-die-berg-gemeente. Die Bokkevelders het laat weet dat hulle ten spyte van die droogte die Kontreimark op dieselfde standaard as in die verlede wil aanbied. Vars groente en vrugte uit die kontrei sal verkoop word asook klaar voor-bereide etes soos braaivleis en potjiekos (o.a. afval). Vars vleis sal ook te koop wees.

KUIER BY VOSBURG GEMEENTE

Die Vosburg-komitee besoek Vosburg-gemeente vanaf 27 April tot 1 Mei. Ons wil graag 'n uitgebreide gemeentegroep saamneem en nooi enige een om saam te gaan. Kontak Christine Ferreira (083 440 2086) om die nodige reëlings te tref.

RUYTERWACHT DIENSSENTRUM

Die Dienssentrum wat dienste lewer aan minderbevoorregte bejaarsdes in Ruyterwacht hou op 4 Mei 'n basaar. Bydraes vir hulle basaar in die vorm van koekies, beskuit, koeldrank, eiers, lekkers, ens. sal baie waardeer word. Gee asb. bydraes voor 25 April by die kerkkantoor af.

EDELWEISS BYBELSTUDIE

19 April om 15:00 en 15:45

Aksiefoto's uit Handelinge nommer 1: Die begin van alles ...

Edelweiss Huisbyeenkoms

Sondag 22 April om 18:00 uit Handelinge 10: Petrus se tafel word nuut gedek.

HUIS ARISTEA DURBANVILLE

Chris Chameleon

21 April om 19:30

Durbanville Hoërskool Ouditorium

R150 per persoon

Kaartjies beskikbaar by Aurora Superspar, Pencafé, Gifts at Oxford en Huis Aristea.

BLESS A BLIND

Night without light

Sondag 20 Mei 18:00

Kom beleef die wêreld van 'n blinde tydens 'n aand van sang, musiek en drama aangebied deur talentvolle blinde kunstenaars.

HELP ASSEBLIEF

- Die **Omgeekombuis** benodig helpers wat bereid is om een keer per maand op 'n Donderdagoggend behulpsaam te wees met die voorbereiding van etes vir minderbevoorregtes. Kontak Milda Brits by 021 976 4519 / milda@stellenberg.co.za indien jy kan help.
- **Helpers by die kafeteria:** Indien jy bereid is om een / twee keer per kwartaal vanaf 09:00 tot 11:00 op 'n Sondagoggend 'n diensbeurt by die kafeteria te neem, kontak asb. vir Lindy by lindy@stellenberg.co.za (Jy hoef nie skottelgoed te was nie).
- **Sekuriteitshelpers:** Ons sekuriteitspanne wat weekliks roteer om motors tydens eredienste op te pas benodig helpers. Indien jy bereid is om ongeveer een keer in twee maande 'n diensbeurt waar te neem stuur asb. 'n e-pos aan lindy@stellenberg.co.za

PLANTETAFEL

Die gewilde plantetafel hou weer op Sondag 22 April 'n verkoping. Ondersteun hulle gerus. Al die plante is waterslim opsies. Neem 'n plantjie in ruil vir 'n donasie ten bate van ons jeuguitreike.

VATVYF BYEENKOMSTE

- **Vergaderdatums:** Die aanvanklike datums vir die kwartaal is aangepas om Edelweiss se oggendbyeenkomste op Woensdae te akkommodeer. Geen geleenthede sal plaasvind in April nie, maar in Mei sal twee geleenthede op 2 & 23 Mei aangebied word.

- **Uitstappie op 2 Mei:** Ons besoek die Hartmuseum by Groote Schuur Hospitaal. Daar is ongelukkig net plek vir 23 persone. Ons vertrek om 09:30, besoek die museum om 11:00 en geniet daarna iets te drinke in die Lê Grotte restaurant.

Koste: R100 per persoon. Besprekings by Karin (021 976 4519) voor Donderdag, 26 April.

VROUEKAMP

Tema: Vind jouself in God se Storie

Plek: Die Eiland, Stellenbosch

Koste: R490 per persoon.

Bespreek jou plek deur die betaling te maak na ABSA 926 140 4159. Gebruik jou naam en van as verwysing en stuur die bewys van betaling na

diexiesdatjies@gmail.com

Rig navrae aan Rita Robertson 084 640 4183.

KANTOORURE VIR FINANSIëLE KANTOOR

Maandae 11:00 tot 13:00 en ander weeksdae 09:00 tot 13:00.

.